ONDERNEMING
DEUR OUER/VOOG

Nadat ek/ons ouer(s)/voog(de) van _____
Naam en Van van leerder
die Gedragskode van President Brand Primêre Skool sorgvuldig bestudeer het en my/ons vergewis het van die inhoud daarvan, onderneem ek/ons die volgende:

1. neem kennis van die Gedragskode en erken die reg en soewereiniteit van die skool om dit toe te pas,
2. gee volmag aan die Prinsipaal (of sy gedelegeerde) om in dringende gevalle, soos ongelukke, epidemies, skielike siekte of rampe, na goeddunke in my/ons plek op te tree,
3. onderneem om hierdie Gedragskode te aanvaar en na te kom en namens my/ons kind(ers) te onderteken as van toepassing en bindend op my/ons kind(ers),
4. dat ek die inhoud hiervan deeglik aan my/ons kind(ers) verduidelik het en die implikasie van die verbreking daarvan.

DATUM	NAAM	HANDTEKENING VAN OUER/VOOG
	PA/VOOG	
	MA/VOOG	

LOUIS SMITH
SKOOLHOOF

DATUM: 2024-11-01

MEDIKASIE AAN LEERDERS

Hiermee inligting rondom die gee van medikasie by die skool.

Slegs die volgende medikasie word by die skool gehou en aan kinders gegee indien nodig:

- Allergex – antihistamine
- Hyospasmol – maagkrampe/pyn
- Medazine (Cyclizine) – naarheid/braking
- Panado – pyn/koors

Besonderhede van die kind, aard van probleem, tipe medikasie en tyd wanneer medikasie gegee is word ook in ‘n register aangeteken.

Voltooi asb. die onderstaande strokie deur aan te dui watter medikasie aan u kind gegee/nie gegee mag word nie.

MEDIKASIE AAN LEERDERS

Hiermee gee ek _____ ouer van _____ in

Gr ____ toestemming dat die volgende medikasie aan my kind gegee / nie gegee mag word nie.

	JA	**NEE**
Allergex		
Hyospasmol		
Medazine (Cyclizine)		
Panado		

_____ _____

OUERHANDTEKENING **KONTAKNOMMER**

VRYWARINGSVORM EN TOESTEMMING MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S OP SOSIALE MEDIA VAN PRESIDENT BRAND PRIMêRE SKOOL

Hiermee verleen ek (naam en van) _____ ouer van

_____ in Gr ___ ***toestemming / nie toestemming nie***

(onderstreep asb toepaslike) dat **President Brand Primêre Skool** foto's/beeldmateriaal/

video's van u kind(ers) mag vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, die naam/name of ander persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers) nie saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Naam/name van leerder(s): _____

_____

Naam van ouer/voog: _____

Woonadres: _____

_____

Telefoonnommer: _____

Handtekening van ouer/voog: _____

Datum: _____